

## **Sing vooraf staande: Skrifberyming 12-3:1, 2 (nuut)**

- 1 Enigste Here, enkele Wese, / ons glo in U met ons hele hart.  
Heerlik bely ons, vry-uit getuig ons: / U is vir ewig God en Heer.
- 2 U, onbegryplik, U is onsienlik, / altyd dieselfde, oneindig groot.  
U is almagtig, wys en regverdig – / U is die bron van alle goed.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Psalm 84:1, 3 (p. 424)**

- 1 Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskaare! Hoe begeer  
my siel en hunker van verlange / om na Gods woning op te gaan  
en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange.  
My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.
- 3 Welsalig is die mensekind / wat al sy sterkte in U mag vind,  
en op mag gaan na Sions hoogte. / Wanneer hul haas van dors verkwyn,  
dan is die HEER self hul fontein / waar dorsland smag van somerdroogte.  
Ook sal 'n reën hul daar oordek / wat hul tot nuwe lewe wek.

## **Gebed**

### **Psalm 33:5, 6 (p. 159)**

- 5 Die HEER se woord is skeppingsmagtig / wat lewe uit die dood gebied.  
Hy spreek – dit staan daar lewenskragtig, / Hy roep net en dit het geskied.  
Nasies en tiranne / smee verniet hul planne / in die vlam van haat.  
Hy wat groot van mag is, / weet wat daar bedag is / en verbreek hul raad.
- 6 Die HEER se raad word nooit gekeer nie; / dit sal bestaan in ewigheid.  
Teen sy besluit is geen verweer nie; / bestendig duur dit vir altyd.  
Salig wie tevore / deur Hom is verkore / as sy erf en lot;  
wie so hoog geëer is, / dat dié HEER húl HEER is / en dié God húl God.

**Skriflesing:** 1 Samuel 17:1-58; Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 1

**Kernvers:** 1 Samuel 17:45

**Maar Dawid sê vir die Filistyn: “Jý kom na my toe met 'n dolk en 'n spies en 'n swaard, maar ék kom na jou toe in die naam van die Here die Almagtige, die God van die linies van Israel, wat jy verkleineer het.**

(1 Samuel 17:45 AFR 1983)

## **Nederlandse Geloofsbelydenis**

### **Artikel 1**

#### **Die enige God**

*Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem. Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is.*

*2 Kor 3:17; Joh 4:24; Jes 40:14.*

**Tema: Hoe werklik is God vir jou?**  
Met sy almag handhaaf die Here sy seggenskap op aarde!

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons bely elke Sondag hierdie woorde: **ek glo in God die Vader, die Almagtige**, of **ek glo in een God, die almagtige Vader**. Die vraag is nou: is God regtig vir ons almagtig of sê ons hierdie woorde maar net uit gewoonte saam sonder dat ons beseef wat ons sê? Luister 'n mens na die praatjies van mense, ook Christene, wil dit eerder voorkom asof ons belydenis dat God almagtig is vir ons in baie gevalle maar net woorde is. Byvoorbeeld, oor die omstandighede van geweld en misdaad in ons land het baie mense al moed opgegee. Hulle sluit hulle in hulle huise toe en laat alles maar net begaan. Vir hulle kan daar niks meer aan die situasie in ons land gedoen word nie. En wanneer dit by ons kinders kom, is daar baie mense wat maklik sê: Dit is nie meer moontlik om kinders te hê en hulle behoorlik groot te maak nie, want kyk net hoe gaan dit met die jeug van vandag. Kan 'n mens wat regtig glo dat God almagtig is, sulke praatjies maak?

Nou moet ons ook in gedagte hou dat God se almag nie beteken dat Hy sommer hier vanuit die hemel alles in 'n oogwink gaan verander soos Hy dit wil hê nie. Ja, natuurlik kan God in 'n oogwink almal wat teen Hom en sy gebod is, verdag en van die aangesig van die aarde af wegvee. Hy het dit al in die verlede met die sondvloed gedoen en Hy sal op die laaste dag ook hierdie aarde met vuur skoon brand. Maar daardie oordeel van God wat soos in 'n oogwink gebeur, het 'n lang aanloop gehad. Hoekom? Omdat God se almag nie los van sy liefde staan nie. Ons God is immers almagtig en tegelykertyd ook goed en heilig en vol liefde en genade. Daarom bely ons in een asem dat ons **in God, die almagtige Vader** glo.

Vanoggend bring die Heilige Gees juis vir ons hierdie bekende geskiedenis van God met Israel weer helder voor oë om ons te vermaan en te bemoedig. Die Here betoon sy almag in die alledaagse gebeure waar ek en jy al lankal moed opgegee het. Hy doen dit sodat ons in skaamte moet erken dat ons Hom, ons almagtige God, nie meer geglo het nie en sodat ons Hom regtig kan leer ken as ons almagtige Vader.

Broers, susters en kinders, nadat God destyds deur middel van Jonatan die Filistyne by Gibeon oorwin het, was Israel 'n tyd lank ontslae van die Filistyne. Maar hulle het weer hulle kragte bymeekaargemaak. Hulle het weer 'n aanslag op Israel geloods. Van Gat af het hulle net oor die grens in Israel se grondgebied ingegaan en kamp opgeslaan tussen Soko en Aseka. Saul het met al sy manne wat kon veg teenoor die Filistyne kamp opgeslaan. Vir Saul-hulle was die geveg sommer 'n sakie wat hulle vinnig sou kon afhandel, want die Filistyne het seker nog nie die vorige veldslag vergeet nie. Daarom het nie Saul nie en ook nie een van sy manskappe daaraan gedink om God by hierdie geveg te betrek nie. Saul het nie aan die Here gedink nie, want hy het die Here al klaar verwerp omdat hy nie aan die Here gehoorsaam wou bly nie. Maar afgesien van Saul het ook die drie oudste broers van Dawid nie aan die Here gedink toe hulle vir hierdie geveg kamp opgeslaan het nie.

Die Israeliete se leer het stelling ingeneem teenoor die Filistyne se leer. Maar in plaas daarvan dat die Filistyne sommer dadelik tot die aanval oorgegaan het, het hulle 'n baie effektiewe bangmaaktaktiek gevolg. Hulle het 'n baasvegter uitgestuur. Sy naam was Goliath, 'n formidabele man. Luister net hoe word hy beskryf:

**hy was drie meter lank. Daar was 'n brons helm op sy kop en hy het 'n harnas met skubbe aangehad. Die gewig van die harnas was sewe en vyftig kilogram. Daar was bronskerms voor sy bene en tussen sy wapens was daar 'n bronsswaard. Die steel van sy spies was so dik soos die dwarsbalk van 'n weefstoel, en die ysterlem daarvan was sewe kilogram.** (1 Samuel 17:4-7 AFR 1983)

Net die gestalte van Goliath het 'n geweldige indruk op die mense rondom hom gemaak. Almal het

geweet dat hy nie iemand is met wie jy sommer skoor soek nie.

Goliat was nie net groot van gestalte nie, hy het ook 'n groot mond aan hom gehad. Elke oggend en elke aand het hy uitgekom en gevra dat iemand van Israel se soldate teen hom moet kom veg. Hy het dit uitgebulder:

**Ek staan die linies van Israel al heeldag en verkleineer! Gee my tog iemand dat ons teen mekaar kan veg.** (1 Samuel 17:10 AFR 1983)

As Goliat so uitdagend bulder teenoor die Israëliete het die Filistyne lekker gekry. Hulle het geweet dat daar nie sommer iemand na vore sal kom om teen Goliat te veg nie. En hulle was reg, want Saul en die hele leër van Israel het geskrik en baie bang geword toe hulle hierdie Filistyn hoor. In plaas daarvan dat Israel tot die Here in gebed nader, het hulle elke oggend en aand weggevlug as Goliat so tekere gegaan het. Saul en die hele Israel het oorweldig gevoel, nie omdat die Filistyne so 'n groot leër gehad het nie, maar omdat Goliat so groot was. In hulle eie oë was Goliat so groot en onaanvegbaar dat hulle glad nie eers meer die Here raakgesien het nie. Goliat was vir hulle so groot dat dit vir hulle gelyk het asof dit nie eers sou help om die Here se hulp te vra nie.

Geliefdes, is dit nie omdat ons ook baie keer dinge met ons eie kragte wil aanpak dat ons ook soos Israel maak nie. Ons dink mos: Ag wat, die Satan is mos klaar deur Christus op Golgota oorwin, daarom kan ons sommer vinnig-vinnig 'n stuk sonde in onself oorwin. Of nog meer vol van onself sê ons: Ek kan maar in plekke ingaan en by dinge betrokke raak waarteen Pa en Ma my waarsku, want ek is mos 'n kind van die Here; die Satan sal my nie kan oorval nie. En as die duiwel dan sy kloue in ons inslaan en ons val vas in die sonde dan gee ons sommer net daar en dan op. Ons probeer nie eers stry nie, want ons dink dit sal tog nie help nie. En ons maak onself wys dat dit nie eers sal help om die Here aan te roep nie. Ons wou Hom in die eerste plek nie erken nie en as ons in die noute is, dink ons dat Hy ook glad nie sal kan of wil help nie.

Is dit nie so nie, broers en susters? Ons begin in baie gevalle die werk aan ons huwelike en die grootmaak van ons kinders met eie krag, en as die een probleem na die ander opduik, voel ons magteloos, bang en verskrik. Ons voel so moedeloos dat ons dan sommer sê 'n mens kan nie meer kinders in vandag se lewe grootmaak nie. Die gaping tussen die jeug en die grootmense het so vergroot dat albei kante moed opgee met mekaar. Dit help nie meer om met Pa of Ma te praat nie, want hulle verstaan my tog nie. En ouers sê: Dit is onmoontlik om 'n jongmens in die vrees van die Here groot te maak, want hulle wil nie luister nie. Of man en vrou gee selfs moed op met mekaar. Ons het met ons eie kragte begin en nou kom ons ook nie sover om God te vra om te help nie. Of as ons darem sover kom om die Here se hulp te vra, doen ons dit ook maar halfhartig en met 'n dik stroom kleingeloof in ons hart omdat ons al moed opgegee het en dink: Ag, die Here het ook al handdoek ingegooi.

Geliefdes, Dawid het by Saul-hulle aangekom terwyl hulle in hierdie benoudheid was. Hulle was nou al moedeloos, want vir veertig dae lank het Goliat die leër van Israel verkleineer. Die Heilige Gees het Dawid se ore en hart fyngewoelig gemaak sodat hy gehoor het dat Goliat nie net die leër van Israel verkleineer het nie. Dawid het gehoor dat Goliat die lewende God, die enigste God van hemel en aarde verkleineer het.

Dawid was beslis nou ook nie 'n geoefende soldaat met bultende spiere nie. Hy was die jongste van Isai se seuns en nog te jonk om saam met Saul-hulle te gaan oorlog voer. Dawid is maar 'n skaapwagter en 'n musikant en 'n digter. In die oë van die hele leër van Israel is Dawid nog maar 'n jong seun, so sien Saul hom ook as hy sê:

**Jy kan nie teen hierdie Filistyn gaan veg nie, want jy is jonk en hy 'n vegter van kindsbeen af.** (1 Samuel 17:33 AFR 1983)

Dawid het homself egter aangebied om teen Goliat te veg met die wete dat God regtig almagtig is en met die wete dat die almagtige God van Israel elke dag in elke omstandigheid by sy kinders betrokke is. Dawid kan ook daarvan getuig. Hy het al 'n beer en 'n leeu doodgeslaan omdat die Here, die almagtige God, hom uit die kloue van die leeu en die beer gered het.

As Dawid die gevegsterrein betree, doen hy dit nie met leë hande nie. Nee, met die vermoëns en gawes wat die Here aan hom gegee het, kom hy voorbereid na Goliat toe. Maar in die oë van Saul en die leër van Israel lyk die voorbereiding maar karig. Wat sal Dawid tog met 'n slingervel en 'n kiere uitgerig kan kry, sou hulle by hulleself gedink het. Goliat beskou die koms van Dawid met 'n kiere en 'n slingervel as 'n belediging. Hoe kan Dawid wat maar 'n jong seun en 'n skaapwagter is, gestuur word om teen hom, 'n baasvegter, te kom veg.

Maar wat niemand van al die mense daar besef het nie, is dat Dawid ook in die Naam van die almagtige God na Goliat toe gegaan het. Die almag van God is vir Dawid so 'n groot werklikheid dat hy daarvan oortuig is dat sy gawes en slingervel vir die Here genoeg sal wees om hierdie heiden dood te slaan. Dit was inderdaad genoeg. Met sy almag het die Here sy dienskneg Dawid versterk. Met sy almag wat deur Dawid erken is, het die Here vir Goliat oorgegee in die mag van Dawid en is sy volk bevry van die Filistyne se aanslag. Toe Goliat verslaan en doodgemaak is, het die Filistyne op die vlug geslaan. Dit was nie Dawid se vernuf met die slingervel nie, maar die almag van die Here wat die oorwinning behaal het. Dawid het in hierdie heerlijkheid van die Here se oorwinning gedeel omdat hy die almag van God erken het en geglo het.

Deur die verligting van die Heilige Gees het Dawid geweet dat die Here na veertig dae se verkleining nog nie tou opgegooi het nie. Wat vir die hele Israel onmoontlik gelyk het, het die Here werklikheid laat word omdat Hy almagtig is en omdat Hy met sy almag ook daar in die lewe van Israel teenwoordig was. Ten aanskoue van die Israëliete en die Filistyne het God sy seggenskap op aarde deur sy almag gehandhaaf.

Geliefdes, ons God het sy almag in hierdie gebeure getoon nie net omdat Israel sy uitverkore volk is nie, maar omdat Hy uit hierdie volk sy liefde vir die ganse wêreld wou bewys. God se almag staan mos nie los van sy liefde nie. Israel is op hierdie dag verlos van die Filistyne omdat die nakomeling van Dawid, Jesus Christus, uit hierdie volk gebore moes word. Die Seun van God het mens geword, nie net omdat God vir Israel liefhet nie, maar omdat Hy die hele wêreld liefhet.

Dit is in Jesus Christus se werk as Verlosser wat ons die Here se almag en liefde bymekaar sien. Wat vir Maria onmoontlik was, het werklikheid geword. Deur sy almag wek die allerhoogste God lewe in Maria, sonder die toedoen van 'n man, en sy skenk geboorte aan Jesus Christus. Wat vir die mensdom ontmoontlik was, naamlik om vry te kom uit die kloue van die Satan, dit kry Jesus Christus reg. Hy neem ons sondes op Hom en sterf daarvoor aan die kruis. Dan betoon God sy almag weer. Hy wek sy Seun uit die dood uit op en gee aan Hom al die mag in die hemel en op aarde, want deur Jesus het God regtig die Satan met sy almag oorwin. En God se almag gaan nog verder en duur nog voort. Hy hef Jesus Christus op tot in die hoogste hemel tot aan sy regterhand.

As verhoogde Here stuur Jesus en die Vader die Heilige Gees na ons toe. Hy stuur die Heilige Gees in mense se lewens in en deur sy almag maak Hy van ons wat vyande van God was kinders van God. Nie gewelddadig nie, maar deur die eenvoudige verkondiging van die Woord skenk die Heilige Gees aan ons die wedergeboorte, dring Hy ook in tot in ons binnenste en open Hy ons geslote hart, versag Hy wat hard is, en besny Hy wat onbesnede is. In ons wil stort Hy nuwe eienskappe in en maak die wil, wat dood was, lewend; wat sleg was, goed; wat onwillig was, gewillig; en wat ongehoorsaam was, gehoorsaam. God se almag en liefde gaan inderdaad hand

aan hand, want ons is die resultate daarvan. Dit is immers omdat God nou hierdie almag in jou en in my lewe werk dat ons nou kan glo in God. Met sy almag handhaaf Hy sy seggenskap in ons en oor ons.

Maar, geliefdes, dit is nie net in en oor ons wat God sy seggenskap wil handhaaf nie. Hy wil sy seggenskap oor die hele aarde, in ons land en in ons huise handhaaf. Daarom vestig die Heilige Gees weer ons aandag daarop dat God werklik almagtig is. Daar is niks wat vir Hom onmoontlik is wanneer dit kom by die uitvoering van sy wil en die redding van mense nie.

Indien man en vrou die almag van God in hulle huwelik erken en glo, en hulle pak die werk aan hulle huwelik in afhanklikheid van die Here aan, kan al die probleme hanteer en uitgeklaar word. Selfs probleme wat soos 'n berg tussen man en vrou kom lê het, kan oorwin word, want ons God is almagtig. Ook daardie sogenaamde gaping tussen die jongmense en hulle ouers is nie vir die Here te groot om te oorkom nie. Wanneer ouers en kinders hulle aan die Heilige Gees se leiding onderwerp, kan hulle deur die krag van ons almagtige God ook daardie gaping oorbrug en weer met mekaar praat en na mekaar luister. God wil immers sy seggenskap in elke Christenhuis handhaaf. Hy doen dit deur sy almag en met ouers en kinders as sy diensknegte. Met julle besondere gawes en vermoëns sal die Here die probleme saam met julle oorwin.

Aangesien ons troue God sy seggenskap ook in hierdie stad en skole wil handhaaf, kan ons daarvan seker wees dat Hy met ons swak pogings genoeg in die hand het om ons kinders voor te berei vir die lewe wat vol uitdagings is. Wanneer ons daaraan vashou dat ons God almagtig is en ons maak ons kinders met die Woord van God groot, sal hulle van die ongelowiges se kinders onderskei kan word. Kinders, wanneer julle die almag van God erken en luister na Pa en Ma se waarskuwings, sal dit moontlik wees om groepsdruk te oorwin. En wie weet, miskien laat die Here jou ook nog deel in sy heerlijkheid deurdat jou gehoorsaamheid aan jou ouers en aan God maak dat sommige van die wat groepsdruk op jou toegepas het tot inkeer kom en ook die Here begin dien. Ons weet immers dat God se almag en sy liefde nie los van mekaar is nie.

En geliefdes, as ons regtig daaraan vashou dat ons God almagtig is, kan ons aanhou bid dat Hy in sy genade vrede gee in ons land. Die bietjie wat jy en ek kan doen om die geweld en misdaad in ons land te stuit, mag miskien in ons oë en in die oë van die wêreld na niks lyk nie. Maar dan weet ons ook ons pak die probleem van misdaad en korrupsie nie met eie krag aan nie maar in die Naam van ons almagtige God. Uiteindelik is dit God, ons almagtige Vader, wat die werke van die duiwel sal vernietig. Omdat ons God almagtig is, kan en moet ons bid: Vader, laat u koninkryk kom, laat u wil geskied, laat u Naam geheilig word.

Broers, susters en kinders, kinders van die almagtige God hoef en mag nie tou opgooi en moedeloos alles maar net aan die bose oorlaat nie. Ons God het nog nie tou opgegooi nie, want Hy is almagtig en deur sy almag wil Hy vandag en môre nog sy liefde aan hierdie wêreld bewys.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 68:1, 3 (p. 330)

- 1 Die HEER sal opstaan tot die stryd; / Hy sal sy haters, ver en wyd, / laat wegvlug voor sy oë.  
Hoe hoog die mens se trots mag gaan, / hy sal geen oomblik kan bestaan / voor God se alvermoë.  
As U, o HEER, in mag verskyn, / sal hul soos rook en damp verdwyn, / deur stormwind voortgedrewe.  
Soos was wat smelt voor hitte en vuur, / het almal voor Gods glans geen duur / wat goddelooslik lewe.
- 3 Hoog bo die onreg wat hier woel, / staan God se heil'ge regterstoel, van waar Hy in ontferming  
die weduwees hul reg verskaf, / die wees se onderdrukkers straf / en waak tot hul beskerming.  
Wie eensaam is, hom stel Hy in / die volheid van 'n huisgesin. / Hy breek die slawebande

van wie hier in gevang'nis smag; / Maar wie Hom hoon in sy gesag, / dié woon in dorre lande.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
27 Mei 2012